# Stadig met drome van polis se groot geld

## ‘Geagte’ eiendom kom in aanmerking vir boedelbelasting

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**



Wag voordat jy die lewenspolis tel wat jy erf; Jan Taks eis eers sy pond.

Ek wil vandag uitbrei op verlede Sondag se rubriek, “Dood en taks: Saam is dit nie so seker”.

’n Leser het ’n stelling wat ek daarin maak, bevraagteken.

Die stelling: “Die ding - en ek hoor dit baie - dat ’n lewenspolis wat begunstig word, nie vatbaar is vir boedelbelasting nie, is dus twak.”

Sy skryf: “Ek was 22 jaar in die versekeringsbedryf en ons het dit so geleer, dat indien jy ’n begunstigde aanwys, daardie geld direk uitbetaal word en *nie as bate in jou boedel weerspieël word nie*.

“So, beteken dit dan as die geld aan die begunstigde uitbetaal word en die oorledene het skuld, *kan daar dan van daardie geld deur die boedel van die begunstigde verhaal word?*”

Twee vrae eintlik. Ek hanteer die twee apart.

### Hy beland in jou boedel, met enkele uitsonderings

Sy, en wie ook anders dit geleer is in die versekeringsbedryf, is verkeerd geleer. Ek het nog altyd gedink dis maar net polissmouse wat nie die vakgebied verstaan nie wat so redeneer, maar nou weet ons dit word (of is) so geleer - minstens by sommige instellings.

Hier is die feite.

’n Polis op jou lewe val in jou boedel vir boedelbelasting as geagte eiendom en is vatbaar vir boedelbelasting. Dit maak nie saak as jy die polis begunstig het aan iemand nie. Die bepalende faktor is dat dit ’n polis op jou lewe moes wees. Dis al.

Hoekom geagte eiendom en nie eiendom nie? Die antwoord hierop is die sleutel tot die tweede vraag, maar kom ons kyk eers kortliks na “geagte eiendom”.

Dit is geagte eiendom in jou boedel omdat jy die polisgeld nooit besit nie.

Daar is eintlik niks, nooit niks, totdat jy die dag doodgaan. Op voorwaarde dat jy jou polispremies getrou betaal het.

Anders gestel, dit is nie joune nie, daarom is dit nie eiendom nie. Om dit in jou boedel te kry sodat boedelbelasting daarop gehef kan word, word ’n lewenspolis ingevolge art. 3(3)(a) van die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) ingetrek as “geagte eiendom”.

Op enkele uitsonderings na, byvoorbeeld ’n polis wat uitbetaal aan ’n oorlewende gade of kind ingevolge ’n geregistreerde voor- of nahuwelikse kontrak.

Of ’n polis wat uitbetaal aan ’n persoon wat ’n vennoot was van die oorledene vir die uitsluitlike doel om die oorledene se aandeel in ’n saak uit te koop.

En ’n polis wat uitgeneem is deur iemand anders op die lewe van die oorledene.

In laasgenoemde twee voorbeelde is verdere vereistes aan gekoppel, soos dat geen premie deur die oorledene betaal moes gewees het nie. Maar dis nie hier relevant nie.

Anders val daardie polis in jou boedel.

Selfs al betaal dit aan ’n oorlewende gade uit. Dit sal wel kwalifiseer vir die gade-aftrekking vir boedelbelasting, maar hy maak eers ’n draai in jou boedel.

### Skuldeisers kan nie daaraan raak

Nou vir die tweede deel van die leser se vraag. Beteken dit dat omdat die polisopbrengs uit ’n polis wat aan iemand anders begunstig is in jou boedel opgeneem word vir boedelbelastingberekeninge dit (die polisgeld) ook beskikbaar is vir boedelskuld?

Nee. Soos ek hierbo noem, die polis op jou lewe is geagte eiendom. Dit is nie joune nie en daarom kan skuldeisers (as die polis aan ’n begunstigde uitbetaal) nie eis teen die polis na jou dood nie. (Ons laat ooglopende bedrog met skuld buite rekening; ’n hof sal daaroor moet beslis.)

Die rede hiervoor is dat jou kontrak met die versekeraar aangegaan is juis om die polisopbrengs, in ruil vir die premie, te laat uitbetaal aan ’n derde party, die begunstigde. Die versekeraar kan nie anders as om dit aan daardie persoon uit te betaal nie. Dit is die kontrak tussen julle.

Laat ek nou sommer dié vraag ook beantwoord: Wie móét dan instaan vir polisskuld?

Dit moet uit die boedel betaal word.

Dit is hoekom ek en al my kollegas by sowel die Fidusiêre Instituut (Fisa) as die Finansiële Beplanningsinstituut (FPI), so hamer daarop dat daar genoeg geld in ’n boedel moet wees om boedelverpligtings te kan nakom.

Dis een van die grootste redes waarom boedels nie afgehandel kan word nie.

Mense word aangemoedig om polisse buite die boedel te laat uitbetaal, want so word bespaar op die eksekuteurstarief.

Die eksekuteur kan net sy tarief hef op bates waarmee hy werk.

Maar die skuld moet betaal word. En dit word betaal uit die restant van die boedel, wat uiteraard die restant-erfgename benadeel.

Kom ons sê as voorbeeld jy het drie kinders. Aan twee van hulle bemaak jy spesifiek twee eiendomme wat jy besit en die res van jou goed, die restant, wat ’n verdere eiendom insluit, bemaak jy aan die derde kind.

Die skuld (ingesluit sterfbed- en boedel-administrasiekoste en uitstaande belastings) word betaal uit die restant. As daar nie genoeg kontant is nie, sal kind nr. 3 se eiendom, omdat dit deel van die restant vorm wat aan hom vererf, in die gedrang kom en kan selfs verkoop moet word om boedelverpligtings te delg.

Hy sal geen reg hê om te deel in die ander twee se bemakings nie, dit is direk en spesifiek aan hulle bemaak en dus nie deel van die restant nie.

En so kan jy hierdie kind van jou onbedoeld onterf.

■ **Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.**

## Nota oor geskenkbelasting

**Nog raad**

Lesers vra gereeld oor geskenkbelasting, veral ouer mense wat goed of geld aan kinders wil oormaak.

Hier is enkele belangrike punte om in gedagte te hou.

Geskenkbelasting is betaalbaar op eiendom wat van die hand gesit word, hetsy direk of indirek, deur ’n inwoner van Suid-Afrika.

’n Skenking word gedefinieer as enige vrygewige van-die-hand-sit van eiendom. Dit sluit enige eiendom, of reg op eiendom, in, tasbaar of nietasbaar.

Die belastingkoers is 20% op ’n waarde van tot R30 miljoen. Bo dit is 25% belasting betaalbaar. Elke individu het ’n jaarlikse geskenkbelastingvrystelling van R100 000.

Daar is ook geagte skenkings.

As jy iets verkoop van sê maar R1 miljoen vir ’n bedrag van sê maar R500 000 word dit geag onvoldoende vergoeding te wees en sal jy geskenkbelasting moet betaal op R500 000 (die vrystelling sal geld).

Lenings gemaak aan ’n trust (deur ’n persoon verbonde aan die trust) is ’n ander geagte skenking as daar byvoorbeeld nie rente gehef word op die lening nie of rente teen ’n laer koers as die amptelike koers gehef word.

Die afskryf van skuld kan ook as ’n skenking beskou word en is belasbaar.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.